THE Dairy Mail

May 2000 ▪ Vol 7 ▪ No 5
R12.00 vat incl ▪ ISSN: 1561-4301

Publication for the Dairy Industry



DIDIZA: WHEN WILL SHE OPEN HER DOOR?

Optimale Meganisasiebestuur

AGRI INSPEC honoured

Dairy strategy completed



Hidrouliese tegnologie nou vir Hoefversorging

Eerste hidrouliese drukgang in die land

Drie jaar gelede het die jong entrepreneur, Jaco de Bruin van Heidelberg, Gauteng, bekendheid verwerf as die land se eerste professionele bees-hoefsmid. Nou het hy weer vir 'n eerste gesorg – die invoer van die die eerste en enigste hidrouliese eenheid in Afrika waarin 'n bees se kloue met gemak gesny kan word.

Na 'n loopbaan van agt jaar as perdehoefsmid, het Jaco drie jaar gelede na beeswerk oorgeskakel. Omdat dit so veeleisend is om beeste se kloue te knip, het hy gou die behoefte aan meganisasie ervaar en is toe Amerika toe waar hy verskillende soorte meganiese hanteergeriewe op die proef gestel het. (Die Amerikaners praat van die hanteergeriewe as "chutes".)

Die een wat Jaco toe ingevoer het, sê hy, maak die proses vir beide die koei en die hoefsmid so gemaklik moontlik. Dit tel die koei se hoef op 'n baie natuurlike manier op terwyl sy in 'n staande posisie bly. Die snyproses is ook baie vinnig en stresloos vir die dier. 'n Unieke eienskap van die "chute" is dat dit die dier optel sodat die hoewe borshoogte vir die hoefsmid is. 'n Veiligheidsaspek wat ingebou is, is 'n uitsnyskakelaar, sodat die operateur nie die dier kan seermaak deur haar been te buig terwyl sy dit nie wil buig nie.

Met hierdie apparaat is Jaco nou in staat om man-alleen tot 60 beeste per dag te doen. Hy is selfs so ingerig dat hy alles alleen kan af- en oplaai.

Sy mobiele diens, wat hy "Dairy Smid" noem, bied 'n diens aan suiwelboere deur lang kloue te sny en mank koeie te behandel. Hy opereer in die Vrystaat, Natal, Mpumalanga en Gauteng, terwyl sy pa, Fanie, die noorde en noordweste van die land bedien. – **deur Izak Hofmeyr**

Met die koei tot borshoogte opgehys, is dit vir die hoefsmid baie gemakliker of lang dae aaneen te werk.

Die hoefsmid in aksie. Die klou word gebalanseer nadat oortollige groei weggesny is.